**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

J. Heidema
**FIETSE, MOTORFIETSE**
**Kerkstraat 48**

JAARGANG XXIV VRYDAG 7 MAART 1969 NR. 3

# Botha: JEUG SE TAAK IS STRYD

## Studente lewer skerp kritiek

**SKERP KRITIEK is deur Puk-studente uitgespreek oor die toespraak wat mnr. Barry Botha, omstrede redakteur van „Veg", voor die P.N.B.-programvergadering gelewer het en dit is bestempel as „negatief", „onwetenskaplik", „ongemotiveerd", „sarkasties" en vol „histories-sentimentele assosiasies".**

Mnr. Botha het verlede week op die eerste programvergadering van die P.N.B. opgetree en die taak van die Afrikaner-jeug in die politiek gesien as „'n stryd wat moet aangeknoop word teen die verwydering en slegmaak van ons volk se waardes en sedes. In hierdie stryd mag die Afrikaner nie aanpassings maak nie want dit kom noodwendig neer op die prysgawe van beginsels", het mnr. Botha gesê.

Hy het gesê dat talle Afrikaners in ons geskiedenis met hul bloed betaal het vir hul land. Hulle is voorbeelde van die kontinuïteit van die stryd van die Afrikaner.

- „Hierdie stryd gaan in die eerste plek om die verplanting van grense tussen blank en nieblank. Tweedens is dit 'n stryd teen supra-nasionale liberalisme."

### Aanvalle

Volgens mnr. Botha het al hierdie aanvalle van links gekom maar nou het die koerante begin beweer dat daar ook 'n gevaar van regs is. „Ons het begin glo dat daar 'n nuwe situasie ontstaan het wat aanpassing en verandering verg, maar wat moet ons aanpas? As ons die klem verskuif, verskuif ons die beginsel en dan kan ons nie meer ons vyande onderskei nie."

Die spreker het gesê dat die Afrikaners dit reggekry het om dinge te verander in hierdie land, maar nou word van húlle verwag om te verander. Hy sê dat daar die suggestie by die handhawing van Afrikaans is dat die Afrikaner nie té sterk moet staan op handhawing nie — „maar ons kan nie vredespraatjies maak met ons vyande nie".

„Ek het niks meer bereik in samewerking met die Engelssprekendes totdat hulle meer Afrikaans word nie. Die Engelssprekende het die reg op sý identiteit, taal en tradisies maar die Afrikaner moet sy meerdere word. Die gees wat oor die land waai, moet die waardes van die Afrikaner wees.

### Verskille versag

- Mnr. Botha het gesê dat die stryd daarop gemik is om die verskille te versag sodat die Afrikaner ingeskakel kan word, maar die Afrikaners weier om ingeskakel te word.

**LEES OOK DIE MENINGSOPNAME OP BLADSY 2**

Die jeug moet die stryd aanknoop want hulle is die enigste groep wat nog ongeduldig kan word Daarom verwerp mnr. Botha die sogenoemde oproepe op die jeug om 'n bietjie meer verantwoordelik te wees. „Dis 'n verfoeilike gedagte. Ons word gedruk met 'n nat siel sodat ons nie ons koppe moet optel nie."

Mnr Botha het afgesluit met die stelling dat al aanpassing wat daar mag wees, dié in eie kring moet wees, sodat die Afrikaner sy eie waardes kan versterk. Hy het 'n beroep op die jeug gedoen om hulleself te versterk sodat hulle kan onderskei en die verskille kan handhaaf.

Op 'n vraag ná sy toespraak het mnr. Botha geantwoord dat daar twee karaktertrekke in ons politiek onderskei kan word. Die eerste is intimidasie en die tweede onverdraagsaamheid teenoor alle vorme van kritiek. Hierdeur word die karakter van die Afrikaner aangetas. „Hier is 'n klimaat in hierdie land waarteen 'n verset moet kom want dit maak die Afrikaner se ruggraat slap. Dit is 'n onding".

*Mnr. Barry Botha van Pretoria (middel), redakteur van VEG, was die gasspreker op die eerste P.N.B.-programvergadering van die jaar. Hier is hy na die vergadering afgeneem saam met mnre. Roelie Aucamp, P.N.B. - verteenwoordiger op die Studenteraad (links) en Johan Kruger, voorsitter van die P.N.B.*

*(Foto: Fotokuns)*



### Daar hê jy dit




# Korps vier fees

DIE Gereformeerde Korps Veritas Vincet vier vanjaar sy 75-jarige bestaan. By geleentheid van die feesvieringe, wat die einde van Maart sal plaasvind, sal voorsitters uit die vroeë bestaansjare van Korps voor die studente optree. Ander sprekers is prof. J. Chr. Coetzee, voormalige rektor van die P.U., dr. K. S. van Wyk de Vries en prof. J. H. Coetzee.

# *By die verwelkomingsdinee*



*'n Paar van die eregaste afgeneem op die verwelkomingsdinee vir die eerstejaars. Van links is prof. en mev. W. N. Coetzee, mnr. Callie Coetzee en mej. Susan van Aswegen en die Rektorspaar, prof. en mev. H. J. J. Bingle.* *(Foto: Fotokuns)*

# *Verwery* - Verklaring van Studenteraad

*„TEEN hierdie tyd is dit alombekend dat die motor van mnr. Barry Botha op Dinsdagaand, 25 Februarie, met verf besmeer is onderwyl mnr. Botha 'n P.N.B.-programvergadering in die Frans du Toitgebou toegespreek het. Die Studenteraad ag dit noodsaaklik om by wyse van hierdie verklaring sekere dinge te stel.*

### Afkeur

*„In die eerste plek spreek die Studenteraad sy sterkste afkeur uit teen die optrede van die persoon of persone wat vir die daad verantwoordelik was. Hoewel die persoon of persone nie noodwendig Puk-studente is nie, is die moontlikheid nogtans ewe groot dat hulle wel aan hierdie Universiteit studeer. Sulke laakbare optrede en swak gedrag is geheel en al onbekend aan die P.U. vir C.H.O. en strook hoegenaamd nie met die normale gedrag van Puk-studente nie. Daarom het die Studenteraad die vrymoedigheid om hom namens die hele studentemassa ten volle te distansieer van die optrede van enkelinge wat blykbaar nie die belange, gees en karakter van hierdie Universiteit op die hart dra nie.*

### Dank

*„In die tweede plek wil die Studenteraad al die studente wat so spontaan en ywerig gehelp het om, op watter wyse ookal, die skade te herstel en die P.U. vir C.H.O. se naam te beskerm, van harte bedank. Die spontane en heftige reaksie van talle studente teen die daad wat gepleeg is, het duidelik en ondubbelsinnig die ware Pukstudent se houding teenoor sulke laakbare optrede geopenbaar. In die besonder wil die Studenteraad mnr. Bertie Fourie bedank wat uit sy eie aangebied het om mnr. en mev. Botha terug te neem na Pretoria. Ook die inwoners van Uitspan verdien melding, wat so ywerig gehelp het om die skade ten volle te herstel.*

### Puk-gees

*„Die optrede en gesindheid van groot getalle Puk-studente het dié kleinlike optrede en swak gedrag van een of meer persone gereduseer en geïsoleer, terwyl die ware Puk-gees helder uitgestraal het. Na alles was dit opnuut heerlik en goed om 'n student van hierdie Universiteit te kon wees."*

**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# Potch Inry

**Tel. 6437 of 6345 bedags**

VRYDAG 7 en SATERDAG 8 MAART
EERSTE VERTONING
**THE RIDE TO HANGMAN'S TREE**
Jack Lord en Melodie Johnson

TWEEDE VERTONING
**WAIT UNTIL DARK**
Audrey Hepburn en Alan Arkin

MAANDAG 10 en DINSDAG 11 MAART
**TARZAN ESCAPES**
Johnny Weismuller en Maureen O'Sullivan

WOENSDAG 12 en DONDERDAG 13 MAART
**JACK OF DIAMONDS**
George Hamilton en Marie Laforet.

VRYDAG 14 en SATERDAG 15 MAART
EERSTE VERTONING
**TARZAN ESCAPES**
TWEEDE VERTONING
**JACK OF DIAMONDS**

MAANDAG 17 en DINSDAG 18 MAART
**GAMBIT**
Michael Caine en Shirley Mclaine

WOENSDAG 19 en DONDERDAG 20 MAART
**BANDELERO**
James Stewart, Dean Martin en Racquel Welch.

# Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

VRYDAG 7 en SATERDAG 8 MAART
EERSTE VERTONING
**THE SPY WHO CAME IN FROM THE COLD**
Richard Burton, Claire Bloom en Oskar Werner.

TWEEDE VERTONING
**RAMPAGE AT APACHE WELLS**
Stewart Granger

MAANDAG 10 en DINSDAG 11 MAART
**DON'T RAISE THE BRIDGE LOWER THE RIVER**
Jerry Lewis en Jacqueline Pearce

WOENSDAG 12 en DONDERDAG 13 MAART
**THIS PROPERTY IS CONDEMNED**
Natalie Wood en Robert Bedford

VRYDAG 14 en SATERDAG 15 MAART
EERSTE VERTONING
**DON'T RAISE THE BRIDGE LOWER THE RIVER**
TWEEDE VERTONING
**THIS PROPERTY IS CONDEMNED**

MAANDAG 17 en DINSDAG 18 MAART
**HOSTILE GUNS**
George Montgomery, Yvonne de Carlo en Tab Hunter.

WOENSDAG 19 en DONDERDAG 20 MAART
**ANGELIQUE ON THE ROAD TO VERSAILLES**
Michele Mercier


*Nog flieks op bladsy 4*

# Dorpsbeplanning by eerstejaarsdinee

**'N GESELLIGE verwelkomingsdinee, wat die oriënteringstydperk vir die eerstejaars afgesluit het, het vanjaar getuig van slim „beplanning", sowel wat die gladde verloop van die ete en die unieke versiering van die saal betref.**

Die dinee is in die Sentrale eetsaal gehou waar daar tafels vir nagenoeg 750 gedek is. Dit het vanjaar verskil in dié opsig dat die saal in etlike „straatblokke" opgedeel is. Oral was verkeerstekens en selfs straatname aangebring. Die gedempte ligte en die „Welkom in Pukkiedorp" teen die mure het 'n gesellige atmosfeer geskep.

Prof. S. P. van der Walt het die tafelgebed gedoen en mnr. Christo Piek het die gaste verwelkom.

Prof. S. C. W. Duvenage het die heildronk op die seniors sowel as op die eerstejaars ingestel waarop mnr. Callie Coetzee, die Studenteraadsvoorsitter, geantwoord het. Die Rektor, prof. Bingle, het die hoofwoord gespreek en luimige sketse uit sy studentedae verhaal, terwyl mnr. Gert Smit die bedankings gedoen het.

Verskeie sakeondernemings op die Bult — en selfs 'n drankwinkel van die dorp — het uitstallings gehad om hulle beter onder die studente bekend te stel.

# VIER PUK-PROFESSORE KEUR VIR AKADEMIE

DIE S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns het vier professore van die Universiteit benoem om in keurkomitees van die Akademie te dien.

Hulle is prof. T. A. van Dyk, hoof van die Departement Sielkunde en Direkteur van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, as lid van die Stalpryskomitee vir Sielkunde; prof. J. A. Venter, hoof van die Departement Engels, as lid van die Olive Schreiner - aanmoedigingspryskomitee vir Engelse letterkunde; prof. J. S. van der Merwe, hoof van die Departement Aardrykskunde en Beplanning, as voorsitter van die Stalpryskomitee vir Aardrykskunde en prof. J. H. Coetzee, hoof van die Departement Volkekunde, as voorsitter van die Stalpryskomitee vir Volkekunde.

## Volkspelers toer

DIE Puk-volkspelelaer, onder leiding van neef Johan Schutte, gaan tydens die April-vakansie deur Wes-Transvaal toer. Altesaam 24 pare sal die toer, wat van 15 tot 19 April duur, meemaak.

Die laer hou Vrydagaand 'n groot saamtrek om fondse vir hierdie toer in te samel.

# SPYKERBANKKANTATE

**DEUR DRUKSPYKER**

Ja, wat is daar wat nou nog kan keer — die dore het nou lieflike dametjies geword en nou verneem ek dat die ouhere nie weet hoe om te kies nie. Een waarde ouheer sê glad nou die dag vir my dat hy wens hy was sy tweelingbroer dan sou hy tweekeer sy porsie kon kry! Toemaar ek sal nie sê wie dit was nie, hy weet dit wel!

**Basie Gey van Pittius** het gedurende die vakansie besluit om die pantoffelregering van **Mathilda van Vuuren** (met alle regte voorbehou) omver te werp deur 'n ewigdurende staatsgreep.

Daar is ook nog die ouens wat die eerste paaiement van die lobola vereffen deur te sorg dat die diamanthandel op die beurs nie daal nie, terwyl hul eie beurs die gelag moet betaal. **Dries du Plooy** het na al die jare besluit dat **Hellna Venter** net die regte vrou vir sy pastorie sal wees en nou pryk 'n soeklig aan haar vinger wat selfs Harry Openheimer sal laat bloos. **Marlene van Schalkwijk** is dit eens dat, eendag wanneer sy en **Sybrand Burger** op pensioen gaan, hulle/sy nie meer so agter in die ry hoef te staan nie — aan haar regte vinger pryk nou wel nie 'n Suidwestieroog nie maar 'n Oppenheimer-edelgesteente.

Ai mense, praat van 'n bekommerde man — verlede jaar was arme ou **Jan Combrink** in die middel van die diepblou see. Sien, hy sou hierdie jaar oorsee vertrek maar hy kon dit darem nie oor sy hart kry om **Marilyn van Eeden** so aan haar eie lot oor te laat nie. Dit kon dalk teëspoed veroorsaak het, vandaar die "ring" aan die vinger!

Sê my nou eerlik, wie is daar wat nie hou van 'n lekker ou sleep, en nou bedoel ek rêrig 'n ou lekker sleep nie . . ! Tot die nuwe fakkeldraers behoort ook nou **Johan Ligthelm** wat kronies (knaend soos B.B. sou sê) probeer om die lig aan te steek en dit wil nou vir my begin lyk asof **Stiena Venter** die blywende brandstof bied. Sê julle nou vir my watse klasse gee **Justus Roux** hier op die Puk . . . Ek vra hom nou die dag of hy nie aandklasse doseer nie — nee, sê hy. Maar ek het nie bedoel om dieselfde vak te loop as **Hettie Steenkamp** nie!

Nou boere, is ons by 'n baie sterk man — Simson sou glo bang gewees het vir hom. **Karate Visagie** is glo dié man — hy chop-chop spoorstawe op in sy ywer om by Karlien te kom. Oppas, **Retha Linde**!

Praat van voor in die ry staan: ek het die dag toe die skietlyste uitgekom het 'n draai by die SR-kantoor gemaak en een van die opgewonde outjies wat daar rondgedraai het, het vir my baie soos **Kobus van der Walt** gelyk.

**Zak Ferreira** se oë blink soos twee „spotlights", want sy doedie het haar opwagting op Pote gemaak en **Gert Smit** het nou van sy biesie-bene oorgeskakel na 'n mobiele eenheid wat die myle kan opvreet na Boksburg. **Hennie Bernhardt** en **Magriet Burden** se kys het al 'n koue winter en 'n lang vakansie deurstaan en glo my, ou Hennie sê sy „burden" sal hy dra.

Die ou tradisie van die Puk, naamlik sleep, bly voortleef, groei, groei en ontwikkel in die persone van die ou veterane soos **Magsie Claassen** en haar **Gary** en **Annetjie Smit** en **Herman Crause**. **Myria Heiberg** en **Gawie Yssel** voel hulle self ook baie tuis in die geledere van die oudstryders en sonder om self tweekeer te dink sal **Annette Boonsaier** en **Lukas** sekondeer.

**Susan Myburgh** sê dat, al is Potch. en Dewetsdorp so ver van mekaar soos die Ooste van die Weste — dan is Oos-Londen nog daar of moet ek nou vra of dié **Sarel** dan nog daar sal vakansie hou — of werk!

NOG 'n outjie wat die Sterns-uitdrukking in sy aster se oë nie kon weerstaan nie en bra teësinnig na sy beursie gevat-vat het, is ene Loutjie. Hy moes toe ten einde laaste ook maar knieë buig voor Gerda de Villiers, anders kon sy dalk doepa in sy kos gegooi het!

By wyse van inligting — **Klaas Havenga** doseer geld- en bankwese en glo my goed, hy gaan haal so gereeld as klokslag sy inligting in die bib. by **Sandra van Aswegen.** Ek sal net graag wil weet, wie gee vir wie inligting . . !   Groetnis.

# Oujongkêrel soek aster (. . . en motor)

Drukspyker,
„Die Wapad", P.U. vir C.H.O.

Liewe Drukspyker,

Ek is 'n oujongkêrel in Dawie-Dup en ek soek 'n aster met 'n motor. Stuur asseblief foto van motor voor verdere korrespondensie of nadere kennismaking.

Oujongkêrel.

*(Sosiale redaksie: die asters is volop en die motors ook — maar die derdeparty en die lisensies is nog nie reg nie, skryf maar later weer!)*

# MENINGS OOR BOTHA-TOESPRAAK

**IN 'N MENINGSOPNAME wat Die Wapad gemaak het, het mnr. Johan Kruger, voorsitter van die P.N.B., hom soos volg uitgelaat: „Die bestuur van die P.N.B. glo dat die politieke belangstelling van die studente op direkte sowel as indirekte wyse bevorder kan word. Daarom nooi die P.N.B. sprekers van uiteenlopende standpunte. Die eie standpunt word op dié wyse versterk. Die groot opkoms wys dat die belangstelling geprikkel is en die bespreking van mnr. Botha se toespraak wys dat die P.N.B. in sy doel geslaag het".**

„Die toespraak was absoluut negatief in dié opsig dat dit net gaan om die opsporing van die vyand en die bevegting daarvan. Daar word nie gepoog om die vyand te wen met selfstandige standpunte nie". Dit was mnr. Ben de Klerk, voormalige president van die A.S.B., se kommentaar.

Mnr. De Klerk het gesê dat hy nie kan saamstem met die stelling dat die Afrikaner reeds genoeg gedoen het om die samewerking van die Engelssprekendes te verkry nie: „Iemand wat die meerdere is en dit nie wys deur die kleinere in te trek en oor te haal tot sy standpunt nie, openbaar nie 'n groot houding nie".

◆ Die voormalige S.R.-voorsitter, mnr. Willie Coetzee, het hom skerp uitgelaat oor die toespraak van mnr. Botha. In 'n onderhoud het hy gesê dat die toespraak onwetenskaplik en die stellings ongemotiveerd was.

Mnr. Coetzee wil weet hoe mnr. Botha samewerking verwag tussen Afrikaans- en Engelssprekendes indien hy die Engelssprekendes wil beveg met alle metodes tot sy beskikking.

Mnr. Coetzee het ook die „sarkastiese" verwysing na ons politieke leiers ten sterkste afgekeur. Die verwysing na die moord by Slagtersnek verleen ook 'n emosionele inhoud aan die toespraak.

Mnr. Coetzee het afgesluit: „Mnr. Botha se toespraak was onwetenskaplik. Mens weet nie wat hy wil doen nie, en hy gee nie 'n toekomsblik nie".

Mnr. G. C. Webster, 'n derdejaar B.A.-student meen dat mnr. Botha sy eie idees verkrag met 'n klomp afgesaagde uitdrukkings en histories-sentimentele assosiasies. Sy doel, soos hy ná die vergadering gesê het, was om ons studente te laat dink, om nie net te aanvaar nie, maar dit het verlore gegaan in sy poging om 'n kragtige indruk te skep.

Mnr. Botha sê dat die Afrikaanse jeug nie moet luister as hulle aangesê word om verantwoordelik en versigtig te handel nie; hulle moet nie bekommerd wees oor die gevolge van hulle handelinge nie; hulle moet ook nie omgee as hulle onnodig moeilikheid of angs veroorsaak in hul stryd nie. „Hoe rym dit met sy aanval op die liberale supra-nasionale studente wat oorsee handuit ruk?", het mnr. Webster gevra.

„Barry Botha het ons aan die dink en gesels gesit en dit kan net goed wees", het mnr. Leon Wessels gesê. Hy het die toespraak soos volg opgesom:

Ons moet selektief te werk gaan en die dinge wat ons afstomp, wat ons beginsels en waardes afwater, uitsluit en steeds daarop uit wees om in te sluit wat ons sterk.

Hier is geen sprake van klipmure soos party na die vergadering beweer het nie. Jy isoleer en werk na binne, want daarin lê die krag.

◆ Ons het nie hier te doen met 'n inslukteorie soos beweer word nie. 'n Roemryke verlede waarop ons trots kan wees, het getoon dat ons leiding kan en moet neem.

„Die Suid-Afrikaner — wie en wat is hy en watter taal praat hy? Barry Botha verloor dit uit die oog (so sê die kritici) en dié wat die strydkrete aanhef, oorbeklemtoon dit (só sê ek). Op staatkundige gebied is ons almal Suid-Afrikaners", het mnr. Wessels gesê.


Vir al u
★ APTEKERS- en
★ FOTOGRAFIESE
★ BENODIGDHEDE

Besoek:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.

**Kerkstraat 118**
**POTCHEFSTROOM**
**Telefoon 3237**

# *Hulle het hulle mening gegee oor B. Botha*


LEON WESSELS


WILLIE COETZEE


JOHAN KRUGER


GAVIN WEBSTER


BEN DE KLERK

*Foto's: Fotokuns.*

## Studenteraadsvoorsitter aan die woord

WANNEER ons terugkyk op die eerste weke van hierdie jaar, kan daar alleen in ons harte 'n gevoel van trots en dankbaarheid wees. Die oriënteringsprogram was 'n groot sukses en tussen al die aksies deur het 'n gesindheid gestraal wat bewys dat dit vir die seniorstudente van die Puk 'n ernstige roeping geword het om nuwelinge op 'n unieke en grootse wyse deel te maak van hierdie Universiteit met sy besondere gees en karakter, sy ryke geskiedenis en tradisies, sy tipiese studentelewe.

Sonder hierdie gesindheid en samewerking van die kant van die seniors sou die Studenteraad magteloos gestaan het, en sou die oriëntering 'n klaaglike mislukking gewees het. Die Studenteraad is groot dank verskuldig aan almal wat op so 'n eie Puk-wyse hulle deel gedoen het om te verseker dat die eerstejaarstudente van vanjaar, goeie seniorstudente in die toekoms sal wees.

Nou is die oriënteringsprogram egter amptelik verby. Daarmee is slegs die fondament gelê en as daar nie voortgebou word op hierdie fondament nie, sou die klinkende sukses van die eerste weke nie veel werd wees nie. Die seniorstudent se taak ten opsigte van die eerstejaars het maar pas begin. Gedurende die res van die jaar moet die eerstejaars op 'n volwasse en waardige wyse, oral en ten opsigte van alle aspekte, deel gemaak word van hierdie Universiteit. Hierdie houding en gesindheid kan inderdaad reeds onder die seniorstudente gesien word, waarvoor ons natuurlik dankbaar is. Dit is dan ook die Studenteraad se wens en begeerte dat, deur die optrede en voorbeeld van die meerderheid studente, die kleinlike en onvolwasse optrede van individue teenoor eerstejaars, vanself uitgeskakel sal word.

Die Studenteraad het ook genoegsame rede om te beweer dat die owerhede van die Universiteit ook die houding en optrede van die seniors teenoor die eerstejaars gedurende die res van die jaar, met belangstelling dophou.

## VIRUS oor Televisie

„TELEVISIE moet geleidelik na Suid-Afrika ingevoer word, maar daar moet streng beheer oor die programme uitgeoefen word". Dit is die mening wat 72% van die gehoor wat gisteraand die VIRUS-vergadering bygewoon het, op die onderwerp „Televisie Asseblief?" nagehou het.

Mnr. G. N. van den Bergh het in sy onderwerp „Kommunikasie, Vriend of Vyand" tot die gevolgtrekkinge gekom dat die „dekodeerder", d.i. die persoon aan die ontvangkant van kommunikasie, die grootste vyand vir homself is, omdat hy nie sy intelligensie gebruik by die vertolking van inligting nie.

## Sluier gaan lig oor Nusas

**DIE SLUIER gaan binnekort gelig word oor die verhouding tussen NUSAS en sommige van sy vriende, waaronder die Kommunistiese Party in die buiteland. Dit blyk uit 'n verklaring waarin mnr. Lourens Muller, Minister van Polisie en Binnelandse Sake, meer lig gewerp het op die onderhoud wat hy 'n tydjie gelede met 'n NUSAS-afvaardiging gehad het.**

Min. Muller het die verklaring gedoen nadat berigte in die pers gelui het dat mnr. D. Innes, president van NUSAS, aan eerstejaarstudente te sou gesê het dat die regering geen kwaad sien in NUSAS se bedrywighede nie.

„NUSAS het eienaardige spreekbuise Die vyande van Suid-Afrika, onder meer die Kommunistiese Party in die buiteland beskou NUSAS — en by name mnr. Innes — as vriende en medestryders, soos blyk uit die dokumente waaruit ek hom en die afvaardiging aangehaal het. Ek is van plan om hierdie saak te gelegener tyd in die openbaar te behandel", het min. Muller gesê.

Min. Muller het die afvaardiging ook meegedeel dat aansoeke om paspoorte en visums van studente wat geweier is, heroorweeg sal word.

## CARNABY STREET OF WAKISUITRUSTERS?



*lle oë het hierdie week op die kampus gedraai na ... die maksi wat largie Raath (middel) klas toe gedra het. Haar mini-susters is André de Wet (links) en Martie Yssel.*

*(Foto: Fotokuns)*

## Verteenwoordiger aangestel

MEV. W. C. F. DE KOCK, eggenote van wyle mnr. Bosman de Kock en 'n bekende teater-, radio- en koerantpersoonlikheid, is vanaf 1 Februarie aangestel as verteenwoordiger van die Departement Ontwikkeling van die Universiteit in Pretoria.

Mev. De Kock, wat op Sannieshof in Wes-Transvaal gebore is en op Lichtenburg gematrikuleer het, het aan die P.U. vir C.H.O. die B.Sc.-graad in plantkunde en geologie verwerf.

Sy het verskeie jare onderwysondervinding aan skole in Potchefstroom, Johannesburg, Durban en Pretoria opgedoen.

Vanaf 1945 doen mev. De Kock gereeld radiowerk in die kinderprogramme, vroue-afdeling en radioteater van die S.A.U.K. In 1949 was sowel mev. De Kock as haar eggenoot werksaam by die B.B.C. in Londen. Sy het ook joernalistieke ondervinding opgedoen by Die Vaderland en Die Nataller.

Mev. De Kock is stigterslid van die Volksteater in Potchefstroom en was lid van die Johannesburgse Amateur Afrikaanse Teater asook die skerm-teatergroep in Durban.

## *Werklik so?*





## Van Voorpos tot Voorspoed met sonniger banksake...

Sedert sy stigting in 1862 het die Standard Bank baanbrekerswerk op die voorposte van ons land gedoen.

Waar goud en diamante ook al ontgin is, het die Standard dit gekoop, versend, verassureer en verkoop; werkende kapitaal aan die snelgroeiende mynboubedryf, boerdery en nywerhede voorsien, en kontant daargestel vir noodsaaklike aankope van verbruikersgoedere. Sodoende het sy bankdienste bygedra om orde, stabiliteit en voorspoed aan die gemeenskap te bring.

Ja, die Standard Bank se wortels het diep vasgegroei in ons landsekonomie. Hy het ontwikkel tot 'n staatmaker-bank wat vandag in elke uithoek van ons sonnige Suiderland sy medeburgers help deur sonniger banksake. En die Standard Bank gaan die toekoms tegemoet met vertroue in nog groter welvaart, geluk en welsyn vir sy land en sy mense.

**Op die Standard kan u staatmaak**

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.



'n Argiteksvoorstelling van die Standard Bank se reusesentrum van R16 miljoen in Johannesburg.

Grant 214-140/1A

# AFSPRAKE...

Vrydag en Saterdag 7 en 8 Maart: Krieket — Wes-Tvl. vs. O.V.S.-uitnodigigingspan Bill Swart-ovaal.
Saterdag 8 Maart Korfbal — Oosterhof vs. Heimat — P.U. korfbalbane.
Saterdag 8 Maart Interfliek: Kulu en Makouvlei.
Woensdag 12 Maart P.N.B.-simposium.
Woensdag 12 Maart Meesterskonsert-opera: "Die Fledermaus" — J. Strauss Totiussaal, 8.00 nm.
Woensdag 12 Maart. Sentrum vir Internasionale politiek 7.30 nm.
Vrydag 14 Maart. Openbare Openingslesing in reeks „Dirk van Rooygedenklesings" „Wat is Wiskunde?" Prof. W. P. Robbertse; Frans du Toit-gebou, 7.30 nm.
Saterdag 15 Maart. (i) Studentehandboekeksamen (ii) Volkspelesaamtrek; Totiussaal.
Dinsdag en Woensdag 18 & 19 Maart. Interfakultêre lesings; Totiussaal.
Vrydag 21 Maart. A.O.B.-fliek: „Sand Pebbles" — Steve McQueen.

## Film oor ruimtevaart

'N INTERESSANTE film oor die Amerikaanse Apollo 8-ruimtevaart word op Donderdag 13 Maart 1969 deur die bestuur van die Natuurwetenskaplike Studiekring vertoon. Hierdie vertoning maak deel uit van die Studiekring se eeufeesprogram.

Drie vertonings word vir studente gereël, naamlik 2.00 nm., 3.00 nm. en 9.00 nm. Die vertoning is gratis en duur 'n uur. Die lokaal waarin die vertoning sal plaasvind, sal later aangekondig word.

Studente wat belangstel om dit by te woon, moet hulle name nie later as Dinsdag 11 Maart by die S.R.-kantoor kom opgee.

## Retoriese Vereniging

'n Retoriese vereniging wat hom beywer om die kuns van die retoriek op die Puk te bevorder, is Woensdagaand met groot geesdrif in die lewe geroep.

Na 'n saaklike samevatting oor die doel van die liggaam deur sy organiseerder mnr. Lourens du Plessis, is die aanwesiges in twee groepe verdeel en het die twee groepe elk 'n positiewe en negatiewe standpunt verdedig.

Die keuse van dié twee onderwerpe was baie goed deurdat daar deurgaans 'n lewendige belangstelling daarin getoon is op die vergadering. Ook die gesellige atmosfeer het beïndruk.

Die volgende vergadering vind plaas op 24 Maart om 7.30 nm.


**20th Century**

VRYDAG 7 en SATERDAG 8 MAART
**THE GNOME-MOBILE**
Walter Brennan

MAANDAG 10 TOT SATERDAG 15
**VROLIKE VRYDAG 13de**
Patrick Mynhardt en Reinet Maasdorp.

MAANDAG 17 en DINSDAG 18
**OCEANS 11**
Frank Sinatra en Dean Martin

WOENSDAG 19 MAART
'N DUBBELVERTONING...
**DIS LEKKER OM TE LEWE**
EN
**RUITER IN DIE NAG**

DONDERDAG 20 TOT SATERDAG 22 MAART
**THE IMPOSSIBLE YEARS**
David Niven.



# die WAPAD


## Verfblik-tegniek

DIE wyse waarop daar uitdrukking gegee is aan meningsverskil met Barry Botha laat 'n mens tog wonder of ons nie in die algemeen — op godsdienstig-kerklike, politieke, sosiale, kulturele en akademiese vlak — maar met verf bestrooi eerder as om nugtersaaklik en vriendelik-krities van mekaar te verskil nie. Ook onder ons eie geledere gaan dit in hierdie opsig nie so goed as wat miskien verwag kan word nie. Kritiek word al te dikwels op 'n persoonlike vlak gehou en verhoudings onnodiglik vertroebel.

Dit is jammer dat dit vandag dié gees is wat in feitlik alle fasette van die lewe na vore tree. Tog is dit nie so nuut nie: die geskiedenis van die Afrikaner is vol van broedertwiste. As dit een van die karaktertrekke van ons volk moet wees, dan het dit hoog tyd geword dat ons die lesse uit die geskiedenis ter harte neem en luister na die waarskuwings van die Skrif teen sulke neigings.

Ons bederf ook dikwels so ons eie saak. Kan daaruit werklik iets goeds gebore word?

Dit is noodsaaklik dat as ons ook aan die Universiteit die eenheid van uitgangspunt en onderlinge trou beter wil waardeer — sonder om die waarheid geweld aan te doen — ons nie sommer die verfblik op ander moet omkeer nie.

## A.S.B. mondig

BY DIE herdenking van sy 21ste bestaansjaar, kan ons nie anders as om die Afrikaanse Studentebond geluk te wens met sy onvermoeide ywer as vertolker en beskermheer van die belange van die Christelik-nasionaalgesinde studente van ons land nie.

Nou is dit egter ook só dat namate die jare toeneem, daar steeds meer en meer verdieping plaasvind in enige karakterontplooiing. Hiervoor, glo ek, is die A.S.B. by sy 21ste verjaardag net maar dankbaar — om, saam met en gedra deur die Afrikaanse studentekorps, steeds dieper in te grawe in die grondslae van ons volkseie: „onbeweeglik sterk".

So 'n daadkragtige strewe (en waarmee anders is die A.S.B. besig?) het egter nodig om korrek ingesien te word deur die studentemassa. Daar is nog te veel van ons studente wat die A.S.B. sien as „Ouens wat die Julie-vakansie kongres hou oor volksgoete ... ek is seker maar ‚ipso facto' (grrr) ook deel daarvan".

So 'n verkeerde opvatting is uit die bose, maar die feit bly staan: Daar is nog te veel van ons studente wat wel swig voor sulke idees.

Hierdie wanopvattings kan voorkom word as die deursneestudent meer konkreet gekonfronteer en ingelig word oor die werksaamhede van die A.S.B.-Hoofbestuur en sy plaaslike verteenwoordigers. Dit kan nie op iets veel anders uitloop as 'n aktiewe en energieke meelewing van die massastudent nie, want dan voel hy werklik betrokke — dit is sý belange wat deur sý leiers behartig word en hy weet wat aangaan en hoe dit van stapel gestuur word.

Bogenoemde kan egter bloot wensdenkery word as dit stuit teen 'n dooie, negatiewe gesindheid by ons studentekorps.


## REDAKSIE

Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039
Sub-redakteur: Martie Kruger — tel. 8039
Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050
Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477
Politieke redakteur: Tonie van Tonder — tel. 3648
Sportredakteur: Dup du Bruyn — tel. 2019
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Interuniversitêre redakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Eeufeesredakteur: Dirk Wijnbeek —
Sirkulasiebestuurder: Gideon van der Nest — tel. 2019
Fotoredakteur: Dawid van Aswegen — tel. 2172
Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 2172
Medewerkster: Ansie Booyens — tel. 3214
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Hennie Horn; Hennie de Villiers; Henk Coetzee; Johan Yssel.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Hannetjie Beukes; Du Preez Martins.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Dawie Swanepoel.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; André le Roux; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlena Lemmer; Rika van der Walt; Gert Kruger; Dries Burger.


# Uit die Woord

## GEMEENSKAP MET CHRISTUS

*Joh. 15 : 5: „Ek is die Wynstok, julle die lote".*

*Vir 'n gelowige draai alles om die LEWE! Ek wil lewe, waarlik lewe ... 'n kreet in 'n tyd gekenmerk deur selfmoord. Ek hou vas hieraan: My lewe kry ek deur die stam, Christus, waarvan ek 'n loot is.*

*'n Wingerdstok met sy lote — dit is die gemeenskap tussen Christus en sy gelowiges. As ek sê LEWE, dan moet ek sê: gemeenskap met Christus.*

*Gemeenskap met Christus is die mees natuurlike verkeer wat daar kan wees. Dit is soos 'n wingerdplant. Met Christus is ons EEN soos 'n stam een is met sy lote. Tussen die stam en die lote is daar spontane, byna onbewustelike verkeer, wisseling van gawes, van lewe en van liefde.*

*„Ek is die Wynstok, julle die lote". Wat 'n treffende beeld. In die beeld is daar 'n veel nouer samehang uitgedruk as in die beeld van die Herder en die skape. Herder en skape leef saam, maar dit is nie één lewe nie. Die beeld van wynstok en lote praat van EEN lewe. Want soos daar een lewenssap in die wynstok na die lote vloei, so is dit EEN lewe, EEN lewensbloed wat Christus en sy gelowiges deurstroom ... die bloed van Christus aan die kruis. Die band wat ons aan Christus bind, is die LEWE ... Christus se lewe. En dit is die innigste band wat bestaan.*

*Die kiem van gemeenskap met Christus is die liefde. Christus vra nie 'n mistieke eenwording met Hom in 'n soort liefdesgenot nie, maar gehoorsaamheid.*

*Die wynstok-rank verhouding is 'n liefdesverhouding!*

*Ek vra: LEWE! Die antwoord is: Ken ek God? „Want dit is die ewige lewe dat hulle U ken" (Joh. 17 : 3). En die ewige lewe bestaan uit voortdurende gemeenskap met Christus!*

B. J. d. K.

# Uit die POSSAK

## Vies en bly oor B.B.

GEAGTE REDAKTEUR,

Ek wil graag enkele opmerkings maak oor die P.N.B.-vergadering wat op 25 Februarie gehou is.

Ten eerste is ek bly dat die P.N.B. die stoute skoene aangetrek het om 'n „andersdenkende" na die P.U. te nooi. Ek voel egter dat die woorde van die persoon wat die bedankings gedoen het, te skerp was, aangesien mnr. Botha sy standpunt op uitnodiging gestel het en dus allermins daarop bedag was „om aan ons voor te skrywe" wat ons te doen staan. Ongeag of ons Botha-voorstanders is of nie, voel ek dat hierin 'n onbillikheid teenoor die Veg-redakteur gepleeg is.

Tweedens wonder mens wat die plig van die P.U.-studenteleiers in so 'n geval is, naamlik wanneer 'n andersdenkende ons toespreek. Is dit ons plig om onverhoord die eerste geleentheid te baat te neem en die P.U.-standpunt dadelik te stel terwyl die spreker se woorde nog in die ore van sy gehoor is? Ek dink dit is nodig maar dan moet die wyse waarop dit geskied vir die toekoms oorweeg word. So 'n „tweede jong toesprakie" wanneer „vraetyd" aanbreek, is m.i. ongewens.

— Deur middel van keurig-gestel-
— de vrae kan die leemtes in ons
— gasspreker se beskouing bloot-
— gelê word — let wel, ek sê met
— opset gasspreker, want hy is
— dit immers en mag om daardie
— rede nie ongehoord en soms
— ru aangeval word nie.

Ten slotte: die tyd het aangebreek, ook vir die Pukstudent, om volwasse en selfstandig op te tree en dit is alleen hier waar daardie gewraakte „positivisme" (waarvoor altyd gepleit word) tot werklike uiting kan kom. In situasies soos hierdie kom ons te staan voor die uitdagings van ons tyd en ons onvermoë om dit die hoof te bied word daardeur weerspieël dat sommige in ons geledere teruggryp na die primitiewe en barbaarse „oorredingsmetodes" wat studente al elders in die wêreld in die jongste tyd gebruik. Ons veg egter onder die vreedsame en tog effektiewe banier van „In U Lig".

Hannes van der Walt,
Dawie du Plessis-Noord.
(Brief verkort — Red.)

## Vrugtefees het verdrink

TREURMARE — is dit wat 'n mens dit kan noem ..? Voorverlede jaar was die vrugtefees 'n sukses, verlede jaar het dit natgereën ... en hierdie jaar het dit verdrink!

Waar was die gees van die Pukke waarmee in die afgelope weke so gespog is? Geen inisiatief was aan die orde van die dag nie — waar sou die fout gelê het?

'n Vrugtefees sonder vrugte is tog sekerlik nie 'n fees nie — ek dink nog aan 'n ander naam ... Kan dit wees dat die studentegees afgetakel kon word omdat die droë brood in hul kele dalk dwars kon draai en daar niks was om dit mee af te sluk nie? Om nie eens te praat van die mislukte poging tot „sang" nie ... slegs ter wille van die foto van die Puk-massa wat vir die Rooi Rose geneem is. Wat het nòù van die eerstejaars se lieflike sopraan-stemme geword?

## SO PRAAT ONS...

BIBLIOTEEK binne gaan — Papierstoor binne borrel.
'n Kunstenaarstemperament is nie 'n verskoning vir slegte maniere.
Die vrugtefees was 'n mislukking — dit het maar moeilik afgegaan.

# Deurbraak vir pastorale sielkunde

**'N GROOT DEURBRAAK is gemaak deur prof. W. J. de Klerk, hoogleraar in interfakultêre wysbegeerte, deur die instelling van 'n kursus in pastorale sielkunde op honneurs-vlak.**

In 'n onderhoud met Die Wapad het die prof. De Klerk gesê dat die Universiteit toegegee het dat meerdere aandag aan hierdie spesialiseringsrigting gegee moet word.

Prof. De Klerk, wat 'n beurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing verwerf het, vertrek in September 1969 na Europa om vier maande lank verdere navorsing in dié verband te doen.

In Europa en Amerika het die pastorale sielkunde groot opgang gemaak. Die Universiteit van Suid-Afrika het reeds só 'n kursus ingestel. By Stellenbosch en die Universiteit Pretoria is daar ook roeringe op dié vakterrein.

◆ Prof. De Klerk sê dat daar nog
◆ baie verskille bestaan oor die
◆ presiese plasing van die pasto-
◆ rale sielkunde in die psigolo-
◆ giese sielkunde-geheel.

„Op dié stadium is dit vir my duidelik dat dit *nie* net sielkunde is wat die predikant vir sy herderlike werk nodig het nie; dit is die sielkunde wat fokus op die psigologie van die „geestelike versorging". Daarom is dit ook van waarde vir verskillende beroepsrigtings soos maatskaplike werk, verpleging en onderwys.

Die leerplan wat vanjaar aangebied word sluit onder meer in die normale probleme van die leeftydsfases; die psigologie van die godsdienstige problematiek; die psigologie van siekte, sterwe, droefheid, verslawing, armoede, ongehuudheid, twyfel en sondewaan.

Daar is vyf interne en sestien eksterne studente wat vir dié vraestel ingeskryf het.

# LUDI SPECIES

DEUR VENATOR

DAGSÊ Puk-sportmanne! Julle lyk nogal besig so vroeg in die seisoen. Dit wil voorkom asof die akademie vanjaar tweede gaan kom. Wat my veral opval is die groot hoeveelheid uitstaande sportmanne onder die eerstejaars. Dit lyk vir my asof die Puk se reklame-veldtogte begin vrugte afwerp. Dit is veral tennis, krieket en rugby wat daarby baat gevind het. Ek hoop dit los vanjaar sekere probleme, veral in rugby, op. 'n Verdere punt in verband met rugby, waarvan die keurders gerus maar kan kennis neem, is dit: geen speler behoort seker te wees van sy plek in die span voordat hy nie sy naam op die kennisgewingbord gesien het nie.

■ Wat atletiek betref, is ons atlete vroeg reeds op dreef en het hulle vanjaar genoeg geleentheid om te wys wat in hulle steek.

■ Krieket vaar vanjaar ook beter as in die verlede. Ons tweede span is besig om die tweede liga te wen, terwyl ons eerste span ook uitstekend vertoon. Twee van ons krieketspelers is ook gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig teen Vrystaat, naamlik Jos Coetzee en Anton Welman.

■ Die ander sportsoorte is maar stil so vroeg in die seisoen. Dit sal seker later regkom. Ek hoop Keith Diepraam kry iets uitgerig met ons tennisspelers vanjaar, want dat ons wel die talent het, val nie te betwyfel nie.

Wat my veral opval in sport, is dat dit alle grense uitwis (behalwe miskien kleurgrense!). Eerstejaar en senior is gelyk as hulle saam in een span speel Afrikaner, Jood, Engelsman, almal is een, en die gees is een van die eenheid met die strewe na die doel: laat sport seëvier.

So van Jode gepraat: een van my sporthelde is 'n Jood, naamlik Ali Bacher, ons toekomstige Springbok-krieketkaptein. Die voorbeeld wat hy stel van durf, vasberadenheid, moed en deursettingsvermoë is fantasties.

„Sports" tot volgende keer!

# ATLETE VAAR GOED OP PROVINSIALE VLAK

**OP die inter-provinsiale atletiekbyeenkoms verlede week Woensdagaand op die Bill Swart-stadion het die Puk-atlete weer eens gewys wat in hulle steek.**

Die hoogtepunt van die byeenkoms was bo alle twyfel die 800 m. vir mans. Fanie van Zijl het met 'n prag-eindpoging daarin geslaag om F. Jankes en Klaas Brummer te klop in 'n goeie tyd van 1 min. 48.9 sek. Dit was een van die aanskoulikste 800 m. wedlope wat in 'n lang tyd op die Bill Swart gesien is.

● Bea Marais se beste tyd van die seisoen is daargestel in die 800 m. vir vroue (2 min. 11.9 sek.). Rosalie de Klerk het derde gekom in 'n tyd van 2 min. 24.8 sek.

● Willie Coetzee het die 110 m. hekkies gewen met 'n tyd van 14.2 sek. Alhoewel hy aanvanklik oor die eerste paar hekkies gesukkel het, het hy sy slag oor die laaste paar hekkies gewys en Holzhausen van Suid-Transvaal en Shiess van Noord-Transvaal redelik maklik gewen.

● Die 110 m. vir mans is gewen deur Paul Nash in die tyd van 10.3 sek. Willie van der Westhuizen het vierde geëindig.

● Peter Whitmer van Noord-Transvaal het die paalspring gewen met 'n hoogte van 14 voet 2½ dm. Op hierdie hoogte moes hy ophou spring as gevolg van die reën. Eddie Kriel van Noord-Transvaal was tweede en Henk Coetzee derde.

● In die skyfwerp vir dames het Cecile Malan tweede geëindig met 'n afstand van 153' 3½". Dit is gewen deur R. Boshoff met 'n afstand van 156' 6½".

● Josef Boshoff, 'n jong en veelbelowende atleet van die Puk, het derde in die 400 m. hekkies geëindig.

## Dawie kom terug

NA 'n verblyf van veertien maande op die Sanae-basis, keer mnr. Dawie Smit, 'n oud-Puk, na die Republiek terug.

Prof. en mev. D. J. P. Smit het reeds Dinsdag na Kaapstad vertrek, waar hulle hom sal ontmoet. Die R.S.A. met die span navorsers aan boord, word Vrydag of Saterdag in Tafelbaai-hawe verwag.

Mnr. Smit het in 1965 sy B.A.-graad aan die P.U. behaal.

# TWEEDESPAN DRAF LANDBOUKOLLEGE KAF

**DIE TWEEDE krieketspan van die Puk het verlede week hulle segetog in die Wes-Transvaalse tweede liga voortgesit deur deeglik met die Landboukollege af te reken en met 4 paaltjies te wen.**

Landboukollege kon slegs 52 lopies aanteken op 'n klam blad wat taamlik hulp aan die boulers verleen het. Gerhard Posthumus met 5 vir 22 en Willem Kruger met 2 vir 13 van die Puk het uitgeblink met die bal. Die Puk het geantwoord met 116 lopies waarvan Jossie Welman 29, Eugene Kruger 23 en Gerhard Posthumus 20 aangeteken het. Die beste Landboukollege-bouler was McLachlan met 5 vir 36 in 16 boulbeurte.

In die tweede beurt het Landboukollege 88 lopies aangeteken waarvan McLachlan 48 behaal het. Gerhard Posthumus, wat goed geboul het, het 3 vir 22 laat kantel. Die Puk het die nodige lopies behaal met die verlies van 6 paaltjies en daardeur nog 8 punte verdien in die liga.

## Over de Voor woelig

OP KOSHUISVLAK gaan dinge woelig en die manne van Over de Voor het gou 'n stewige pas aangeslaan en veel kan nog van hulle in dié jaar verwag word.

Om die teekan gaan dit reeds vroeg in die jaar gesellig ná houtstompe stil hul verskyning op die toneel gemaak het om die gebrek aan sitplek te oorkom.

Met die aangename gees in die koshuis het die intertee Maandagaand met Kulu vir meer as een Doet en Dou gans te gou verbygegaan.

Die manne van die Voor moes Saterdag op die krieketveld voor Drakenstein die knie buig. Maandag is daar egter begin met die eerste rugby oefening en daar word uitgesien na die koshuisliga waar veel van dié manne verwag kan word.

Die finale ontwerp vir die koshuis se sakwapen is reeds ontvang en teen die tweede kwartaal sal die nuwe koshuisbaadjies op die kampus gesien kan word.

# WIE PRAAT VAN MANIERE?

DAAR bestaan g'n boek oor etiket wat nie beweer dat beskaafde maniere die grondslag van die beskawing vorm nie! Hier volg dus 'n paar nuttige wenke vir studente aangesien hulle nie die skyn omtrent die innerlike kan bewaar nie . . .

Die vernaamste reël wat geld by 'n verlowingsparty, vereis dat die verloofde nooi haar ring sal dra. As jy nie van varkvleis hou nie, steek dit onder jou makaroni weg. Moet op 'n partytjie nooit vra wie die 1934 dame met die valstande is nie — jy vra dit waarskynlik aan haar metgesel. Dit is ook nie paslik om iemand te vra of hy al opgehou het om sy vrou te slaan nie.

◆ 'n Dame voel haar gewoonlik
◆ baie gevat ná haar eerste
◆ drankie. As sy haarself na die
◆ derde een as beeldskoon be-
◆ skou, is dit tyd dat sy begin
◆ eet.

In Suid-Afrika is dit gebruiklik dat die heer eerste groet deur byvoorbeeld sy hoed te lig, en die dame erken dan sy groet. Daar word egter nie melding gemaak van wat plaasvind as die dame 'n hoed ophet, en die man nie . .!

Hier is 'n nuttige wenk vir die mans: vroeër was dit die gewoonte om jou eie sigaret eerste op te steek, maar in daardie jare of dae het die swaelvuurhoutjies jou sigaret laat smaak soos die rook uit Nic se pyp.

'n Lastige vraag soos „wat het daardie skildery jou gekos?", kan só afgewend word: „tweemaal so veel as wat dit werd is!" Ook lang gesprekke oor die telefoon is af te keur — die mans is glo meestal hiér die sondebokke. Wanneer 'n kompliment nie uit sestig persent waarheid en veertig persent toegewing bestaan nie — hou dit terug.

Ná al hierdie wysheid is dit net nodig om èèn feit uit die Blou Boek te onthou: dié wat tel, gee nie om nie, en dié wat omgee, tel nie;

Waarlik — „the social ramble ain't restful".

## Kinderkuns in Frans du Toit

SANTAM se kinderkunsuitstalling in die Frans du Toit gebou is Dinsdagaand deur prof. Bingle geopen. Volgens mnr. Board is hierdie jaar se uitstalling van besondere hoë gehalte.

Spesiale vermelding is hierdie jaar vir die eerste keer toegeken vir die uitbeelding „Danksegging vir Reën".

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074

SKOEN- EN FIETSREPARASIES
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas op die Bult)
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING
Nou OOK
'n wye keuse vir
★ PLATE
by
PRO REGE-PERS BEPERK
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

**DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.**

# Nuwe lewe in kampuskultuur

**DIE A.B.K.K. NOOI bekende kunstenaars (dit kos hulle 'n groot klomp geld), hulle put hulle uit om reklame te maak... en verlede Vrydagaand was daar die oorverdowende stilte van honderde leë stoele. Het ons kultuurbarometer by Alabama vasgesteek?**

Die belangstelling vir Alabama se keuring was feitlik oorweldigend. Kobus het 'n voorsmakie van die jolyt op so 'n toer gegee en het daarin geslaag om die voornemende lede geesdriftiger te maak.

## Nuwelinge

Een van die nuwelinge, die Retoriese Vereniging, sorg reeds hierdie week dat alles by hulle nie net praatjies was nie, en het Woensdagaand weggespring met 'n vergadering waarop die werksaamhede beplan is

Nog 'n nuweling is die Drama-Studentevereniging, wat gestig is tydens die verwelkoming van die eerstejaars deur die Departement Spraakleer en Drama.

Die diskoteekkomitee swaai lustig voort op maat van die nuwe langspeelplate. Kom luister gedurende sleeptyd, is hul uitnodiging aan die Pukke. Sondagaande speel hulle, soos gewoonlik, lig-klassieke musiek tot ongeveer tien-uur. Vandeesmaand geniet die volksmusiek van die grootste komponiste voorrang.

Skrywerskring, met Piet Coetzer as nuwe voorsitter, wil hierdie jaar groot teue drink uit die fontein van die Muse.

## Massakore

Sewe massakore wat Afrikaanse volksliedjies uit die F.A.K. sing, is die lees waarop die sangfees wat op Donderdag 20 Maart aangebied word, geskoei is. Musiekstudente rig die kore af, en die organiseerders hoop dat die poging 'n vuurtjie gaan aansteek wat in die komende jare helder sal brand.

Nog musieknuus is dat „Die Fledermaus", 'n operette van Strauss, op 12 Maart deur Truk in die Totiussaal aangebied word.

# KOLtuur ontstellend?

**KOL, daardie ontstellende tydskriffie! Dít, sê Leon Coetzee, is die beste wat hy nog oor KOL gehoor het. En die beste wat ons oor KOL gehoor het, het ons by daardie einste Leon gehoor.**

Hy is glad nie beïndruk deur die geldigheid wat André Brink se Paryse verblyf aan sy letterkundige uitsprake verleen nie. Leon tik genoemde André sommer maklik oor die vingers oor sy „verwarde en embarasserende pleidooi vir 'n nuwe letterkunde — wat dalk nog nuus op Naboomspruit mag wees".

- Die res van die redaksie moet
- ook verbykom oor hul „selfte-
- vrede gebabbel". Die grootste
- klagte wat hy teen een en al-
- mal het, is hul vasval in die
- tydsgees van ruim twintig jaar
- gelede.

**Sewentig**

„Hoekom betree hulle die vyftigerjare terwyl ander hulle voorberei op sewentig? Dit, sê Leon Coetzee, is die belangrike vraag. Om te illustreer: „Eerstejaartjies van Nusas het twee dekades gelede juis dit verkondig (net baie oortuigender) wat Brink en Breytenbach en Small nou sê".

Maar hy kla nie net dat die tyd te vinnig vir *Kol* se redaksie geloop het nie. *Kol* se snobisme, sy clichés, sy valse gees van selfvertroue, sy laksheid; ook dít moet verklaar word, eis hy.



*Ian Lawrence afgeneem tydens die A.B.K.K.-konsert wat verlede Vrydagaand in die Totiussaal aangebied is.*
*(Foto: Fotokuns)*

# Probleme met pil is goeie vermaak

„PRUDENCE AND THE PILL".

DIE Pil maak sy rolprentdebuut in 'n gesofistikeerde blyspel (20th Century: 24—29 Maart) waarin dit niks minder as 'n bevolkingsontploffing tot gevolg het nie.

Die hele ding begin waar die tienerdogter haar ma se pille met asperien vervang. Teen die tyd dat Ma dit ontdek, moet sy gereedmaak vir 'n nuwe aankomeling. Die storie bereik ook familielede van die egpaar — 'n gesin waar alles ook nie rosegeur en maanskyn is nie. 'n Grootskaalse omruilery van pille vind nou verder plaas.

Gerald ontdek die pil in sy vrou se kas. Het sy dalk 'n onbekende minnaar? Die enigste manier om uit te vind is om ook haar pille met asperien te vervang. Sy pogings word in die wiele gery deur die diensmeisie wat op haar beurt weer die pil vervang met wat sy dink asperien is.

Ten spyte van gewaagde tonele, is die prent nooit onsmaaklik nie — 'n heerlike volwasse prent met talle onverwagte wendinge. Die rol van Prudence word vertolk deur Deborah Kerr en haar man, Gerald is die ewe bekende David Niven.

— Pieter Fourie

# Taalherrie

*DIE koppelteken, deelteken, aksentteken en kappie is slaggate in die steil pad van reg skryf:*

*Frans du Toit-gebou*
*Dinamo-ontsteking*
*Pro-Russies*
*Indo-Germaans maar Middelnederlands*
*Raad-op, berg af, maar padlangs, sonop.*
*Weerspieël*
*Geleë maar geleentheid*
*Gereël (vooraf beplan)*
*Gereeld (op gesette tye)*
*Mikroörganisme*
*Appèl (nie appelleer)*
*èn... èn, nòg... nòg, òf... òf*
*móét*
*Dié*
*Wêreld, kers, perd, ver*

**T. G. KRUGER EN SEUN**
Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom
EIENDOMSAGENT
*Vir verkoop van*
★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.
Lenings gereël

# VIR DIE DAMES

HIERDIE RUBRIEK deur dames, namens die dames, vir die dames word bedoel vir die mans. Hulle sal wys wees as hulle op hoogte bly met wat hier gesê word, want hier gaan ons hoorbaar van hulle skinder.

Hierdie hoekie van „Die Wapad" wil ons so ekonomies as moontlik gebruik om ons sê oor die dinge op die Puk deeglik uit te sê. En dit sal maar op 'n geselserige, „(s)kinderlike" trant wees, want waar het jy nou 'n vrou gesien wat wetenskaplik kan redeneer? Sy redeneer met haar gevoel — en dit gee haar juis kans totdat sy haar sin gekry het.

## Vrugtefees

• Ons het juis op die oomblik 'n sterk gevoel dat die vrugtefees nie baie lekker was nie. Nie dat daar fout was met die kos nie — nee, die kos was heerlik en die weer wonderlik. 'n Ideale aand vir speletjies en stap deur die strate, of sommer vir net gesellig saam-wees, het ons gedink. Met „gesellig-saamwees" het ons nie bedoel met meisievriendinne nie, want hulle is volop in die koshuis. Wat ons eintlik gedink het, was dat ons geselskap van oorkant af gaan kry. Maar blykbaar slaan die manlike wesens op die Puk die vroulikes so hoog aan dat dit vir hulle genoeg is om heel aand net vir ons te kyk. Geen wonder dat baie van die moedeloses onder ons hulle toevlug tot sleep geneem het nie, want anders sou hulle nooit met mans kon gesels het nie.

Daar is dié onder ons — die meeste van ons — wat rustig wag vir die dag wanneer die mans uit hulle dop gekruip het, en ons slyp ons tande vir die lekker gesels wat voorlê. Dit is juis vanjaar eeufees, en sal dit nie lekker wees as dit 'n gesellige eeufees gaan wees nie! Dit wil amper vir ons voel of dit ons eeufees gaan maak of breek.

An en San.

# Perkamentpraatjies

## Die sprokie is die mens...

EENDAG, lank lank gelede... Dit is die wagwoord; nie vir feetjies en kabouters om lewendig te word nie, maar vir die mens om te luister na die stem van die mensheid wat uit die vae eeue met hom praat.

Die sprokie het uit die spontaan-skeppende gees van die vroeë storieverteller ontstaan, en soos dit oorvertel is, het die eenvoudige verhaaltjie die stem van menslike smart en hartstog gekry.

Menslike emosies, aangrypend in hul eenvoud en direktheid, vind ons in die verhaal, Sneeuwitjie. Die verterende jaloesie van die stiefmoeder teenoor die kind, haar angs vir die ouderdom en die ongeskonde jeug van Sneeuwitjie vind slegs in moord die oplossing. Die wreedheid in sprokies is primitief en onbewus.

Die wens is 'n mag in die sprokie. Dié wat hulle te sterk aan die wens vasklamp, is die aspoesters van die lewe. In hul asvaal klere is hul peetmoeder die fantasie, die droom.

Slimheid is die deug van die wêreld van sprokies. Tog het moeders soms aan hul minder begaafde kinders stories vertel van die eenvoudige en dom seun wat seëvier oor sy slim broer deur sy menslikheid en medelye.

Sprokies is nie net die voorspel tot slaaptyd vir klein mensies nie, maar elke mens sien daarin sy onontkombare self.

# S.A. kunstenaars in eerste meesterskonsert

DIE eerste Meesterskonsert wat verlede week Maandagaand deur die Departement Musiek aangebied is, was puik. Sybil Michaelow (alt) dra alle eer weg vir haar sang.

Aanvanklik het mej. Michaelow klavieropleiding ontvang, maar later meer begin belangstel in stemvorming. Sy het haar debuut as sangeres gemaak in 'n uitvoering van Bach se Johannespassie.

Lionel Bowman, wat haar begelei het, het hom ook goed van sy taak gekwyt. Hy gaan gereeld op konsertreise en musiekliefhebbers op feitlik elke plek in Suid-Afrika het al die geleentheid gehad om na hom te kon luister. Tussen hom en die sangeres was daar 'n puik aanvoeling.

Mej. Michaelow het werke van Schubert, Brahms en Gluck gesing. Bowman is ook gehoor in die uitvoering van 'n Beethovensonata en Impromptus van Schubert.

# Sentrum op 12 Maart byeen

DIE byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek vind op 12 Maart om 7.30 nm. plaas.

Die hoofspreker is adv. Dawid de Villiers wat Suid-Afrika se saak oor Suidwes-Afrika voor die Wêreldhof in Den Haag verdedig het. En hy gaan die onderwerp: Suid-Afrika en die Volkereg toelig.


# Ontmoet...



*MEV. SUSARA MARIA DU BUISSON (Tant Nonna) het in Augustus 1962 haar intrek in Heimat geneem en weldra sou sy, nie net onder die ouer garde van ons Universiteit nie, maar veral onder die studente, 'n baie bekende figuur word. Daar is seker weinig Pukke wat nog nie met die welmenende persoonlikheid van Tant Nonna kennis gemaak het nie. Kort voor haar aankoms hier by ons is haar eggenoot, dr. M. S. du Buisson (in lewe sekretaris van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns), oorlede. Tog het sy nog kans gesien om die lewe vierkantig in die oë te kyk, sodat sy nou, na ses jaar, aan ons kan sê: „My verblyf as matrone in Heimat was vir my baie aangenaam". Die studente het veral haar belangstelling waardeer.*

*Reeds vier keer het sy as reismoeder die Thalia-toergeselskappe op hul toere vergesel.*

**PIKKIE** **deur Dirk en Ronel**



# GRADEPLEGTIGHEDE OP 28 EN 29 MAART

**SY EDELAGBARE, waarnemende regter J. van Wyk de Vries, voer vanjaar die woord op die gradeplegtigheid vir eerste grade en voorgraadse diplomas en sertifikate op Vrydag 28 Maart. Die plegtigheid begin om 3.30 nm.**

Op Saterdag 29 Maart om 9.30 vm. vind die gradeplegtigheid vir nagraadse diplomas en tweede of gevorderde grade plaas. Sy Edele, mnr. W. C. du Plessis, gewese Administrateur van S.W.A., tree by hierdie geleentheid as spreker op.

Na afloop van die verrigtinge by albei geleenthede word verversings aan graduandi, diplomandi, ontvangers van sertifikate en gaste by die sentrale eetsaal bedien.

- Geen fotograwe sal binne die omheining van die rugbyveld, waar die verhoog staan, toegelaat word nie. Slegs persfotograwe met die nodige identifikasiekaarte en enkele professionele fotograwe wat vooraf die nodige verlof ontvang het, mag in die nabyheid van die verhoog foto's neem. Hierdie reëlings sal baie streng toegepas word.

Akademiese drag word soos voorheen beskikbaar gestel deur die firma Cachet Modes (Edms.) Bpk. 'n Beskikbare vorm moet voltooi word vir die huur van die nodige akademiese drag.

Elke betrokke student ontvang agt kaartjies wat toegang sal verleen tot die plegtigheid. Gaste moet so vroeg moontlik hul sitplekke inneem. Graduandi en diplomandi moet hul onderskeidelik reeds twee-uur en half-nege aanmeld.

# N.O.K. - BEURS VIR PUK

MNR. NICO DU PREEZ, 'n D.Sc.-student in chemie is een van die vyf studente in die Republiek aan wie 'n beurs van R1,500 vir twee jaar deur die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie toegeken is.

Mnr Du Preez het in Maart 1968 die M.Sc.-graad met onderskeiding verwerf.

Hy doen tans navorsing oor die sintese van gespanne polisikliese aromatiese ringsisteme. Die doel van die studie is om nuwe aromatiese sisteme te sintetiseer en vas te stel watter invloed gespanne komponente op die reaktiwiteit van hierdie verbinding uitoefen.

## Druk program vir A.S.B.

# Toer beplan na Bantoetuislande

**IN DIE jaar van mondigwording van die A.S.B. wil sy nuutgestigte Departement vir Binnelandse Toere ook meehelp om luister aan hierdie feesjaar te verleen: Die departement bied gedurende die Aprilvakansie 'n toer aan na die Bantoetuislande van Zoeloeland en Natal (31 Maart tot 6 April 1969).**

Dit is 'n inter-universitêre enkollegetoer en daar is plek vir 55 persone. Immigrante-studente is baie welkom.

'n Afstand van bykans 2000 myl sal in 'n luukse bus afgelê word. Onder andere word beplan om 'n besoek te bring aan die Zoeloe-opperhoof.

Die toerkoste bedra slegs R25 vanaf Bloemfontein. 'n Spesiale kosprystarief (per bus) vanaf Pretoria na Bloemfontein en terug word vir Noordelike studente gereël.

Inskrywingsvorms en nadere inligting is verkrygbaar by die Studenteraadskantoor.

Ander bedrywigende op die A.S.B.-front is:

- **Die departement buitelandse toere** is reeds druk besig om reëlings te finaliseer vir die A.S.B. se buitelandse studentetoer aan die einde van die jaar.
- In die **departement buitelandse studentebetrekkinge** is spoedig uitvoering gegee aan 'n aanbeveling van die vorige direkteur. Mnr. Alex Luttig, as huidige Direkteur van hierdie Departement, het 'n skakeltoer na Europa onderneem om sodoende eerstehands met buitelandse studente in aanraking te kom.
- Onder andere het die **Departement vir studie en navorsing** reeds begin met die opteken van die geskiedenis van die A.S.B.
- Die **Departement kuns-kultuur** beplan 'n vergadering met die direkteure en verteenwoordigers van die onderskeie sentra vroeg in hierdie jaar.
- 'n Gedenkblad word deur die **Departement Publikasies** be-oog vir die herdenking van die 21ste bestaansjaar van die A.S.B.
- Die direkteur van **Binnelandse studentebetrekkinge** beywer hom vir die erkenning van A.S.B.-takke deur die Studenterade van die Engelse Universiteite (Durban en Wits).
- Die **Departement Studenteskakeling** is reeds druk besig met die inwin van inligting oor omstandighede op plaaslike kampusse.
- Die **uitvoerende komitee** van die hoofbestuur, bestaande uit die verskeie direkteure, die organiseerder en die president, besoek die Noordelike universiteite en kolleges gedurende die week van 16 Maart. Vergaderings word dan gehou saam met die Studenteraad en A.S.B.-komitee van die plaaslike sentra. Die Suidelike universiteite en kolleges word vroeg in die tweede kwartaal besoek.

## WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

# *Slagtersnek vandag*

DIT is noodsaaklik vir ons om met die daadkrag en durf van die jeug van 'n eeu gelede te VEG teen dit wat ons eie probeer aftakel. Maar des te meer moet ons in ons moderne dag VEG om onsself te vind. Die vraag is, watter een kom eerste. Moet ons nou sommer van die heup af (soos in 1880 en 1899) op die „Ingelse" lostrek, of moet ons besadigd en beredeneerd maar op spierkragtige wyse na binne keer, ons Calvinistiese fundering gaan opsoek, (wat uit die aard van die saak die gees van die Hervorming adem), en onsself vind in hierdie kultuurverwarde, etikette-rende en „tydsgees" era van ons?

Ons tyd het sy Afrikanerdenkers en ook sy Afrikanerdaders. Onder die eerbare naam „denkers" ressorteer Treurnichts, De Klerke, Ruperts, De Villierse en andere; onder die eerbare naam „daders" ressorteer Botha's, Terblanche'e, Vorsters, Du Preez's en andere. Sommige denkers het 'n groter klap van die „on-Afrikaanse" denkpatrone as andere weg; Sommige daders het 'n groter affiniteit vir die Slagtersnek-manier van doen as andere. Almal van hulle wil Afrikaners wees en die meeste het die beste bedoelings daarby.

— **Almal wat belangstel, skarrel en**
— **soek na ons Afrikanerskap in**
— **iets: is dit te vinde in 'n nuwe**
— **eenheidspolitiek? Is dit te vin-**
— **de in die ou of die nuwe Afri-**
— **kanerkultuur?**

**Opgaaf van behoeftes** van die „Afrikanerdom" in hierdie Babelse verwarring: een sterk denker; een sterk dader.

**Opdrag aan veiligheidspolisie:** Soek na een persoon wat sowel 'n sterk denker as 'n sterk dader is — word dringend benodig as leier van die Afrikanervolk. Indien so 'n persoon nog nie bestaan nie, sal twee persone, een 'n dader, een 'n denker voorlopig voldoende wees.

'n Man vir die massas, 'n dader wat sterk genoeg **Veg**, mag sukses hê met die mobilisering van 'n ongekwalifiseerde Afrikanerskap. In ons dag, deurweef met on-Slagtersnek-agtige subtiliteite, mag 'n verfynde Calvinisties-gefundeerde denker 'n opgesweepte massa Afrikaners met takt na eenheid en nuwe krag met prinsipiële regverdiging lei. Laat ons verhoed dat die teenoorgestelde gebeur.

Totdat so 'n persoon egter opdaag maak ons onsself net lelik deurmekaar deur tegelykertyd in een toespraak en in een tydskrif vir Afrikanerkultuur én Afrikanerpolitiek te VEG.

**Massas en Daders**, gil asseblief „Ons is Afrikaners!" sonder om te dink;

**Intellektualiste en Denkers**, bedink en beplan asseblief die leiding van die massas na 'n nuwe Afrikanerskap gebaseer op die ou en geswortelde beginsels.

**Afrikaners, veg Vir**, want outomaties **Veg** ons dan téén, en sal ons „opsuig" wat op te suige is.

## Calvyn-vywer verskuif

DIE Calvyn-vywer, wat gesorg het vir 'n idilliese hoekie langs die biblioteek, gaan binnekort sy staanplek kwytraak om plek te maak vir „rakke vol boeke" na beoogde uitbreidings aan die biblioteek.

Die vywer word verskuif na die bopunt van die grasperk voor die hoofgebou, waar een van die kandelare (ja, dis wat dit is!) nou staan.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

GROOT was die belangstelling met die koms van mnr. Barry Botha, een van die veelbesproke figure van ons tydsgewrig. So groot was die belangstelling dat die lokaal waarin hy opgetree het te klein was om sy toehoorders te huisves. Dit is nie nodig om te sê dat hy op uitnodiging van een van die hoofliggame van die Studenteraad gekom het nie, want soos ons hoor is dit net die Studenteraad wat sulke prominente sake reël.

Laat ek nou vooraf sê dat dit nie nou gaan oor die standpunt van hierdie spreker nie, maar oor dít wat ons van hom te leer het. Daar is vrae aan hom gestel wat betrekking het op die opheldering van wat genoem is in sy toespraak en wat vatbaar was vir meer interpretasies. Dit is goed en reg. 'n Mens vra 'n spreker vrae oor dit wat hy verkondig het in sy toespraak. Maar daar was ook vrae wat nie betrekking op die onderwerp gehad het nie.

## Vraag

- Mý vraag is nou: vanwaar het 'n mens die reg om 'n spreker 'n vraag te vra wat buite die bestek van sy toespraak val?
- Of was hierdie vrae dalk daarop gerig om die spreker te „ontmasker"? Dit het ongelukkig misluk.

Ek was nog altyd van oordeel dat objektiewe redenasie daarin bestaan dat twee partye 'n standpunt stel en motiveer met betrekking tot die geskilpunt en dan dit alleen. Het die vraag, of die spreker 'n deelhebber was aan 'n sekere geskrif, dan betrekking op die geskilpunt?

So van regte gepraat, het 'n Puk die reg om namens die P.U. vir C.H.O. te praat op 'n openbare vergadering tensy hy 'n afgevaardigde van die Universiteit is? Ek wonder maar net...

Laat ons die les leer wat die koms van hierdie spreker vir ons inhou. Om 'n standpunt in te neem, moet ons feite hê om dit mee te motiveer. Om die feite te ken, moet ons kennis hê. Die konsekwensies is duidelik: hy wat nie kennis het nie, het ook nie 'n standpunt nie. Alleen as ons 'n standpunt het, het ons 'n reg om te verskil van 'n ander. Verder, was die spreker se motor 'n geskilpunt in die argument? En al was dit, was die beskadiging daarvan die motivering van 'n standpunt in 'n beskaafde redenasie?

Beteken die vrae wat buite die geskilpunt geval het dat niemand 'n standpunt met betrekking tot die geskilpunt het om die spreker mee te konfronteer nie? Of beteken dit dat ons nie die moed het om te verskil van die spreker nie? Beteken dit dalk dat ons nie eers meer belangstel om 'n standpunt in te neem oor dinge wat ons hele volksbestaan raak nie?

Nog een laaste vragie: Was dit regtig nodig om die verrigtinge van enkele dae gelede op die Oude Molen 'n vrugtefees te noem? Ek het gedink 'n fees impliseer oorvloed. Daar was oorvloed, maar nie van vrugte nie!

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van
Jongste Plaat-opnames
*Kom besigtig ons groot reeks*

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom
ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES BENODIG
★ *Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal*

# Oefen weer na besering



*Dawid Booysen, wat weer besig is om vinnig te herstel na sy besering, besig om te oefen in die gimnasium.*
*(Foto: Fotokuns)*


**GOEIE KOS! FLINKE DIENS! u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

(Langs die Johannesburg-pad geleë).

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.



Tel. 6670



**U kan u bande versool by...**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)


## Drakenstein maak weer so

DRAKENSTEIN het verlede Saterdag nog 'n klinkende oorwinning behaal in die krieket-koshuisliga deur Dawie Dup met 9 paaltjies te klop. Die ander wedstryd tussen Over de Voor en Kompleks het na 'n spannende einde onbeslis geëindig.

Die huidige puntestand in die koshuisliga is tans:

| | |
|---|---|
| Kompleks | 26 |
| Dorp | 25 |
| Drakenstein | 20 |
| Dawie Dup | 12 |
| Over de Voor | 7 |

## Nog meer talent

OVER DE VOOR wys die hakskene aan die ander manskoshuise ná die tweede interkoshuis-liga-atletiekbyeenkoms en dit blyk duidelik dat die Pukke oor heelwat meer talent beskik as wat op hierdie stadium bekend was.

'n Uitblinker op die byeenkoms was Lourens Snyman, wat die driesprong met 'n afstand van 43' 5" gewen het ten spyte daarvan dat dit die eerste keer was dat hy aan hierdie nommer deelgeneem het.



*Anton Welman staan hier slaggereed om te kolf in die krieketwedstryd van Wes-Transvaal teen die Vrystaat, Vrydag en Saterdag op die Bill Swart-ovaal. Anton en Jos Coetzee is die eerste Pukke wat ooit vir Wes-Transvaal gespeel het. Anton is ook klubkaptein van die Puk-krieketklub.*
*(Foto: Fotokuns)*

# ATLETIEK: SWAKSTE OPKOMS IN JARE - ATLETE PRESTEER

**„'N ATLETIEKBYEENKOMS met seker een van die swakste opkomste wat die Puk nog beleef het" — so kan 'n mens verlede Saterdag se Puk-kampioenskappe beskryf. Tog het die atlete getoon dat hulle sonder veel teenstand goed kan presteer en dat later in die seisoen nog goeie prestasies verwag kan word.**

Die 800 meter-wedloop was amper 'n herhaling van die spannende wedloop wat Fanie van Zijl verlede Woensdagaand op Bill Swart gewen het. George Müldner het deurgaans die pas aangegee, en net toe dit lyk asof hy gaan wen, het P. Laubscher hom enkele tree van die wenpaal af verbygegaan. Die tyd was 1 min. 53.3 sek., terwyl Müldner se tyd 1 min. 53.4 sek. was (die beste tyd van sy loopbaan).

Dawid Booysen het getoon dat hy stadig maar seker besig is om sy 60 vt.-glorie te herwin. Drie van sy ses stote was oor die 55 vt., terwyl sy wenafstand 56 vt. 1½ dm. was. Hy het ook die skyfwerp gewen met die afstand van 159 vt. 7½ dm.

Willie van der Westhuizen het 'n baie goeie tyd van 10.7 sek. oor die 100 meter aangeteken, terwyl sy broer Johan tweede was in 10.9 sek.

Nog 'n uitblinker was J. Hunter. Dié veelsydige atleet het nie alleen die driesprong met 'n afstand van 46 vt. 2½ dm. gewen nie, maar ook die verspring met 'n afstand van 22 vt. 8 dm., en die 0/19 spiesgooi met 'n afstand van 174 vt. 0½ dm. Daarbenewens het hy derde plekke ingeoes in die gewigstoot en die 0/19 100 meter.

Nog 'n eerstejaaratleet van wie in die toekoms nog baie gehoor gaan word, is Ria van der Berg, wat skoonskip gemaak het in die naellope. Sy het die 80 meter hekkies (12 sek), die 100 meter (13.1 sek) en die 200 meter (27.4) gewen.

Cecile Malan het ook uitstaande vertonings gelewer in die gewigstoot (38 vt. 11½ dm.) en die skyfwerp (151 vt. 1 dm.). Nico du Plessis het 'n goeie hoogte van 6 vt. 2 dm. in die hoogspring gehaal, terwyl Freddie Baird goed vertoon het met die senior spiesgooi (168 vt. 0½ dm).

Die volledige uitslae is:

### ■ Mans:

100 meter: W. v. d. Westhuizen (10.7 sek.); 110 meter hekkies: W. Coetzee (15.1); 200 meter: W. v. d. Westhuizen (21.7); 400 meter: Fanie van Zijl (50.7); 800 meter: P. Laubscher (1 min. 53.3); 1,500 meter: G. van Eck (4:10.8); 3,000 meter: P. Laubscher (9:59 5); 1,500 meter stap: J. Speers (7:42.9); hoogspring: N. du Plessis (6:2½); driesprong: H. de Villiers (43:0½); skyfwerp: D. Booysen (159:7½); paalspring: H. Coetzee (12:2).

### ■ Mans 0/19:

100 meter: K. van der Colff (11.1); 110 meter hekkies: S. van der Walt (15.3); 200 meter: K. van der Colff (23 1); 400 meter: P. Venter (53.4); hoogspring: H. Aucamp (5:5); driesprong: J. Hunter (46:2½); gewigstoot: A. Coetzer (45:0¾); spiesgooi: J. Hunter (174:0½).

### ■ Vroue:

80 meter hekkies: R. v.d. Berg (12.0); 100 meter: R. v. d. Berg (13.1); 200 meter: R. v. d. Berg (27.4); hoogspring: C. Lubbe (4.7¼); gewigstoot: C. Malan (38:11½); Spiesgooi: A. Venter (131:2½); skyfwerp: C. Malan (151:1).



*Bea Marais, Springbok-naelloopster van die Puk, hier in aksie afgeneem tydens 'n oefening op die Puk-grasbane. Sy is ook besig om gereed te maak vir die S.A. Spele in Bloemfontein.*
*(Foto: Fotokuns)*

# Gordon Holtman kolf skitterend

**DIE EERSTE krieketspan van die Puk bevind hulleself in 'n baie gunstige posisie om 'n voluit oorwinning teen Stewartby te behaal nadat hulle 224 vir 7 (beurt gesluit verklaar) aangeteken het en daarna reeds 4 Stewartby-kolwers terug gestuur het pawiljoen toe vir slegs 39 lopies in 'n wedstryd wat op die Oude Molen-terrein in Potchefstroom beslis word.**

Die held van die wedstryd tot dusver was die jong Gordon Holtmann wat 68 skitterende lopies aangeteken het in slegs 83 minute. Veral sy dryfhoue en kaphoue was 'n lus om te aanskou. Holtmann was verlede jaar kaptein van die Wes-Transvaalse skolespan. Holtmann en Jos Coetzee was in 'n vennootskap van 117 lopies in 65 minute betrokke en dit onder andere teen die goeie boulwerk van Kosie Oosthuizen. Jos Coetzee se bydrae was 'n stewige 52 lopies. Gavin Webster met 33 en Jan Kruger met 23 lopies het ook goed gevaar.

Vir Stewartby het Kosie Oosthuizen 5 paaltjies vir 64 lopies geneem in 20 boulbeurte. Mike Kletz het 2 paaltjies vir 43 lopies laat kantel. In die eerste beurt van Stewartby was dit Anton Welman wat die Lichtenburgmanne stukkend geboul het deur 3 paaltjies in 4 boulbeurte te neem vir slegs 5 lopies.

Die wedstryd word Saterdag voltooi. Die volledige telkaart is soos volg:

*Universiteit (1e beurt)*

| | |
|---|---|
| G. Webster b.v.p. K. Oosthuizen | 33 |
| J. Kruger geboul K. Oosthuizen | 23 |
| K. van Heerden gevang Vermaas geboul M. Kletz | 5 |
| A. Welman gevang Vermaas geboul M. Kletz | 8 |
| J. Coetzee geboul K. Oosthuizen | 52 |
| G. Holtmann gevang Bosman geboul K. Oosthuizen | 68 |
| S. Willemse n.u.n. | 16 |
| L. White geboul K. Oosthuizen | 1 |
| J. Welman n.u.n. | 8 |
| Ekstras | 10 |
| Totaal (vir 7 paaltjies verklaar) | 224 |

*Stewartby (1e beurt)*

| | |
|---|---|
| J. Shalala b.v.p. A. Welman | 29 |
| D. Cocookran gevang Van Heerden geboul S. Willemse | 1 |
| J. Rossouw b.v.p. A. Welman | 4 |
| H. Vermaas geboul A. Welman | 4 |
| M. Kletz n.u n. | 0 |
| K. Oosthuizen n.u.n. | 0 |
| Ekstras | 1 |
| Totaal (vir 4 paaltjies) | 39 |